

Saambly Of Trou ???



Hebreërs 13:4 Laat die **huwelik** in alle opsigte eerbaar wees en die bed onbesmet; want **God sal hoereers en egbrekers oordeel.**

Saambly of Trou?

Met “saambly” verwys ons na ‘n **ongetroude paartjie wat soos getroudes saamleef**.

Saamblyers is traak-my-nie-agtig oor hul **verhouding met God**, en het **Hom nie waarlik lief nie**. Dis dan ook die gebrek aan ‘n **verhouding met God en liefde vir Hom**, wat dan eintlik die kern van hierdie probleem is.

Joh 14:23 Jesus antwoord en sê vir hom: **As iemand My liefhet, sal hy my woord [die Bybel] bewaar**, en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak.

Joh 14:24 **Hy wat My nie liefhet nie, bewaar my woorde nie**; en die woord wat julle hoor, is nie myne nie, maar is van die Vader wat My gestuur het.

By dit alles moedig **Televisie programme** saamblyery aan, dit word op **kommersiële gebied** geadverteer, **Hollywood roman-tiseer** dit, **ouers verdra** dit en die **meeste kerke ignoreer** dit.
[PREDIKERS PREEK NIE MEER TEEN, DIE SONDE NIE !!!]

1 Timoteus 4:3 **wat verbied om te trou [Wie? Satan - hy maak dit “mode”, die “in ding”.]** en gebied dat die mense hulle moet onthou van voedsel wat God geskape het

[Vanaf 1973 - 2003 is daar ‘n 735% toename in saamblyery buite die huwelik.]

“Christene” poog selfs om hierdie **sedelose lewensstyl van vrye seks** en **saambly** met hul godsdienste te versoen, deur hulle **gedrag te regverdig** [met allerhande verskonings] en **ander te probeer oortuig** dat dit wat hulle doen reg is. [“GOD sal verstaan!”]

Die Bybel leer egter anders in verband met seksuele gemeenskap.

1 Kor 6:13 **En die liggaam is nie vir hoerery nie, maar vir die Here; en die Here vir die liggaam.**

1 Kor 6:18 **Vlug vir die hoerery**. Enige sonde wat ‘n mens doen, is buite die liggaam; **maar wie hoerery bedryf sondig teen sy**

ei liggaam.[Hoerery is dus fisiese gemeenskap buite die huwelik \ SAAMBLY !!!]

Hooglied sê dit so mooi vir ons:

Hoogl 2:7 Ek besweer julle, dogters van Jerusalem, by die gemsbokke of by die takbokke van die veld, **om nie die liefde wakker te maak of op te wek voordat dit die liefde behaag nie.** [M.a.w. wag tot dat u in die huwelik verbind is, getroud is.]

Efes 5:5 Want dit moet julle **weet** dat **geen hoereerder** of onreine of gierigaard, wat 'n afgodedienaar is, **'n erfdeel het in die koninkryk van Christus en van God nie.** [Sal NIE die hemel maak nie.]

Laat ons kyk wat sê die **woordeboeke** van 'n **hoer, hoereer en hoereerder.**

Hoer: Geslagsgemeenskap tussen twee ongetroude persone.

Hoereer: Ongeoorloofde geslagsgemeenskap met iemand hê.

Ontug pleeg [Wat is **ontug**? Onsedelike handeling, onkuisheid]

Hoereerder: Iemand wat hoereer.

Dan is daar ook nog:

Owerspel/Egbreuk: Skending van die huwelikstrou. Bv 'n derde persoon betrokke in 'n huwelik.[WETTIGE GETROUDE PAAR]

Owerspelige/Egbreker/Egbreekster: 'n Man of vrou wat hom of haar aan ontrou in die huwelik skuldig maak.

Ontrou: Nie getrou aan eggenoot/eggenote nie.

Exo 20:14 Jy mag nie egbreek nie. [Die sewende gebod.]

Houvrou: 'n Neerhalende benaming vir 'n vrou met wie 'n man saamlewe sonder om met haar getroud te wees. [M.a.w saambly]

Bywyf: Omdat sy net sy houvrou was, kon hy haar makliker los toe hy moeggeword het vir haar.[Haar nie meer wil he nie.]

Houman: Neerhalende benaming vir 'n man met wie 'n vrou saamlewe sonder om met hom getroud te wees. [M.a.w. saambly.]

Geen hoereerder of owerspelige het 'n erfdeel in die koninkryk van God nie! [U sal dus die HEMEL MIS .]

Efes 5:5 Want dit moet julle weet dat **geen hoereerder of onreine** of gierigaard, wat 'n afgodedienaar is, **'n erfdeel het in die koninkryk van Christus en van God nie.**

1Kor 6:10 Moenie dwaal nie! **Geen hoereerders** of afgodedienaars **of egbrekers of wellustelinge of sodomiete** of diewe of gierigaards of dronkaards of kwaadsprekers of rowers **sal die koninkryk van God beërwe nie.**

Gal 5:19 En die werke van die vlees is openbaar, naamlik **owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid;**

Gal 5:20 afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap;

Gal 5:21 afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, **dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie. [U SAL DUS HEMEL NIE MAAK NIE.]**

Toe Jesus by 'n stad van Samaria kom wat Sígáar genoem word, het Hy daar by die put vir die dissipels gewag en met die Samari-taanse vrou gepraat.

Joh 4:16 Jesus sê vir haar: **Gaan roep jou man en kom hier.**

Joh 4:17 Die vrou antwoord en sê: **Ek het nie 'n man nie.** Jesus sê vir haar: **Jy het reg gesê: Ek het nie 'n man nie;**

Joh 4:18 want jy het vyf mans gehad; en **die een wat jy nou het, is nie jou man nie.** Dit het jy met waarheid gese. [Sy was dus vyf keer getroud, maar bly nou saam met 'n man.]

As gevolg van **saamblyery** is kwessies soos **buite egtelike swangerskappe, aborsie, pornografie, ontrouheid, homoseksualisme en seksuele siektes 'n toenemende probleem.**

Navorsing dui byvoorbeeld daarop dat **aborsie op aanvraag** baie hoër is onder vroue in 'n saambly verhouding as onder vroue

wat getroud is. Dit is omdat die onsekerheid van die verhouding die risiko om 'n kind alleen groot te maak, vergroot. Baie vroue is vanselfsprekend nie bereid om daardie risiko te neem nie. **God se plan met die huwelik is onder andere vrugbaarheid en voortplanting.** Vir saamblyers is so-iets gehul in onsekerheid en bedreiging. Hierdie onsekerheid en bedreiging kan ook in 'n latere huwelik oorgedra word, sodat hulle besluit om geen kinders te hê nie.

Wanneer **predikers nie bereid is om oor morele kwessies te preek en duidelike Bybelse riglyne aan te dui nie**, word hierdie krisis net groter. Die **kerk se stilswye** veroorsaak dat al hoe meer mense se lewens op hierdie gebied deur **angs, sonde, skuldgevoelens** en **verwarring** oorheers word. Die kerk se stilswye hou natuurlik ook verband met die moderne beskouing dat dit 'veroordelend' [judgmental] is **om saamblyers [en ook ander morele kwessies] oor hul lewensstyl aan te spreek.** Vandag word daar mos geredeneer dat **elke mens die reg het** om sy of haar **eie** morele standaard te bepaal, sonder dat ander mense, **of die Bybel**, daarvoor beslis.

Of jy die gesag van God se Woord in jou lewe erken of nie, **maak geen verskil aan die FEIT dat jy eendag voor HOM sal moet staan en rekenskap gee van jou lewenswyse.**

God haat sonde en ongehoorsaamheid. Sy toorn kom oor almal wat doelbewus aan Sy Woord ongehoorsaam is en dit minag. Wanneer **God se beginsels gehandhaaf word**, is dit **altyd tot voordeel van almal**, maar as dit **verwerp word**, dra die **hele samelewing die konsekwensies daarvan**.

Gal 6:7 Moenie dwaal nie; **God laat Hom nie bespot nie**; want **net wat die mens saai, dit sal hy ook maai.**

Gal 6:8 Hy wat **in sy vlees saai, sal uit die vlees verderf maai**; maar hy wat **in die Gees saai, sal uit die Gees die ewige lewe maai.**

Gewoonlik bly 'n paartjie saam om, soos hulle sê, "seker te maak of hulle regtig bymekaar pas voordat hulle trou." **Dan is daar ook**

diegene wat geen huwelik in die vooruitsig stel nie, aangesien hulle die instelling van die huwelik verwerp. Hulle sien dit as 'n blote eksperiment om te toets of hulle regtig as “paartjie” kan saamleef, en dit kan waag om kinders te hê.

Die Bybel moedig **onthouding** voor die huwelik aan: **1Kor 7:9** maar as hulle hul nie kan beheers nie, **laat hulle trou;** want dit is beter om te **trou** as om van begeerte te brand.

Seks voor die huwelik is net so verkeerd as al die ander vorme van seksuele onsedelikheid, aangesien almal van hulle seks impliseer met iemand met wie jy nie getroud is nie. SEKS tussen 'n MAN en VROU wat met MEKAAR GETROUD is, is die ENIGSTE soort seksuele verhouding wat GOD GOEDKEUR.

Heb 13:4 Laat **die huwelik** in alle opsigte eerbaar wees en die **bed onbesmet; want God sal hoereerders en egbrekers oordeel.** [U SAL DUS HEMEL NIE MAAK NIE .]

Wanneer 'n paartjie trou, sonder om eers saam te bly, doen hulle dit met die verstandhouding dat hulle graag **lewenslank** bymekaar wil bly, en **volkome aan mekaar wil behoort.** Saamblyers laat egter reg van die begin af 'n “**agterdeur**” oop waardeur hulle kan ontsnap indien dinge nie reg wil uitwerk nie.

Saamblyers verkondig **elke dag** 'n baie **teenstrydige en dubbel boodskap aan mekaar.** Die mens kommunikeer nie net met woorde nie, maar veral met ons gedrag en dade. Nie-verbale kommunikasie praat met meer gesag as woorde. Dit wat jy sê is minder geloofwaardig as dit wat jy doen en hoe jy jou gedra. Saamblyers sê eintlik vir mekaar: “**Ek begeer liggaamlike en geestelike intimiteit met jou. Ek wil graag een met jou wees. Net deur saam te bly sal dit vir my moontlik wees om naby jou te wees en jou lief te hê.**” Dan is daar ook 'n tweede boodskap wat hulle aan mekaar kommunikeer: “**Ek wil my nie regtig aan jou vasmaak nie. Moenie te naby aan my kom nie, daar is 'n grens. Ek wil nie so naby aan jou wees dat ek**

nie kan ontvlug as jy iets doen wat my seermaak of irriteer nie. Ek is nie seker dat ek jou regtig kan vertrou nie. Daarom kan ek nie volkome aan jou behoort nie. Daar is dalk iemand anders wat beter by my sal pas. Ek gee aan jou die geleentheid om aan my te bewys dat jy my vir altyd sal liefhê, dan kan ons dalk later besluit om te trou. Ons saamblyery is net 'n toets - as jy dit nie slaag nie, gaan ek jou los.”

Saamblyery is dus op **beoordeling en prestasie** gefundeer. Dit hang af van die gedrag van die **“metgesel” [partner]** wat moet bepaal of daar werklik 'n lewenslange verbintenis gaan wees of nie.

Die **getroude paartjie**, aan die ander kant, kommunikeer net een boodskap aan mekaar, en dit is: **“Ek kies jou so volkome dat ek 'n huweliksverbintenis met jou wil aangaan. Ek wil die res van my lewe een met jou wees. Al kom daar stryd en konflik, is ek bereid om daardeur te werk en by jou te bly. Ek is vol vertrou om hierdie verhouding te laat werk. Ek is bereid om jou onvoorwaardelik lief te hê, al vra dit harde werk en opoffering.”**

“Ek behoort aan die een wat ek liefhet en die een wat ek liefhet behoort aan my!”

In die **saambly verhouding** is daar **van die begin af 'n gebrek aan vertrou** wat in die verhouding ingebou word. **Die kern van die verhouding is twyfel en wantroue.** Die kans dat so 'n verhouding 'n leeftyd sal hou is uiters skraal.

Indien hulle wél eendag trou, begin hulle hul huwelik met 'n agterstand. Dit blyk dat mense wat eers saamgebly het en dan trou, **meer tot egskedding geneig is** as mense wat getrou het sonder om eers saam te bly. Een van die redes hiervoor is dat die **oop “agterdeur”**, wat so deel van die verhouding was, skielik gesluit is. Ná die troue voel hulle ingeperk, en **die gebrek aan verbondenheid in hul verhouding** word nou deur die huwelik **beklemtoon**. Wanneer **twyfel** en **wantroue** so deel van 'n

verhouding is, is dit **bykans onmoontlik** om daarvan ontslae te raak.

Wanneer daar [soos in die huwelik] **van die begin af, vertrou en verbondenheid aan mekaar belowe is, is die kern van die verhouding gesond**, ten spyte van die hoog en laag getye wat in die huwelik kom.

Aanpassingsprobleme

Daar is in **alle huwelike sekere aanpassingsprobleme**, omdat **twee verskillende persoonlikhede, uit verskillende agtergronde en opvoedings deur hulle huwelik verplig word om daaglik naby mekaar te leef**. Daar moet dus gedurig aanpassings gemaak word, wat nie altyd maklik is nie. Die **huweliksverbintenis** is egter **reg van die begin af 'n sterk motivering om deur hierdie aanpassingsprobleme te werk**.

Die **verskille wat daar mag wees** moet **aangespreek word** met die **doel om dit op te los** en **'n gelukkige saamwees te verseker**. Indien nodig, moet die hulp van **'n Bybelse berader** ingeroep word. As gevolg van hulle **verbondenheid aan mekaar**, sal **getroude paartjies bewustelik daaraan werk**, want **geen paartjie trou met die verwagting dat hul huwelik net 'n jaar of twee sal hou nie**. Dit is **van die begin af vir hulle belangrik om dit te maak werk**.

Saamblyers leef nie met dieselfde **verwagting of dringendheid** dat die **verhouding** moet werk nie. As die **verskille te veel word** en die **irritasie vlak te hoog, vat jy net jou goed en loop**. **Saambly is die maklikste manier om dadelik die voordele van 'n huwelik te verkry sonder enige harde werk aan die verhouding**.

Navorsing dui daarop dat **slegs 30 tot 40 persent van saamblyers uiteindelik trou**, en dat meeste saamblyverhoudings ongeveer twee jaar hou. Die verhoudings is wel kort van duur, maar dit beteken glad nie dat daar geen pyn en seer is wanneer die twee uit-

mekaar spat nie.

Die idee dat die huwelik outyds is.

Daar is talle mense wat reken dat die huwelik uitgedien is en glo dat dinge moet verander. **FEIT IS, GOD het nie verander nie en ook nie sy opdrag dat die man en vrou binne 'n HUWELIK moet saamleef nie.**

Hulle argumenteer dat die huwelik beperkend en onderdrukkend is. Die huwelik word ook gesien as 'n middel om seks te beperk tot die huwelik alleen en vrouens uit te buit deurdat hulle onderdanig moet wees aan hulle mans.

In teenstelling daarmee word saamblyery gesien as 'n middel wat paartjies in staat stel om saam te leef sonder die beperkings wat opgelê word deur die verouderde [BYBELSE] huweliksvoorskrifte en beloftes.

'n Totale wanopvatting van dit wat 'n huwelik behels, is dikwels die oorsprong van hierdie negatiewe siening omtrent die huwelik. Eintlik is daar **geen probleem met die huwelik self** nie, maar wel **met die mense** daarin betrokke. Die feit dat **mense** die huwelik misbruik en verkeerde opvattings daarvan het, beteken nie dat die huwelik sleg is nie. Huwelikspare is **oningelig** of **onverskillig** oor wat **GOD** van hulle **in dié opsig verwag**. Wanneer **God en sy beginsels** in 'n huwelik **geïgnoreer word**, lei dit net tot probleme en is dit nie in die ware sin van die woord 'n 'huwelik' nie.

Al hierdie negatiewe konotasies wat aan die huwelik geheg word, kan alleen besweer word deur deeglik te kyk na wat **GOD** van 'n huwelik verlang.

Die instelling van die huwelik.

God self het die huwelik ingestel, reg aan die begin en die volgende beginsels en omstandighede voorgelê.

Gen 1:27 En God het die mens geskape **na sy beeld**; na die beeld

van God het Hy hom geskape; **man** [*Ish*] **en vrou** [*Isha*] **het Hy hulle geskape.**

Gen 1:28 En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê:

Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip.

Gen 2:24 Daarom sal **die man sy vader en moeder verlaat** en sy **vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees.**

In die Nuwe Testament het Jesus ook hierdie twee teksverse aangehaal om dit wat fundamenteel in die huwelik is, aan te dui.

Mat 19:4 En Hy antwoord hulle en sê: Het julle nie gelees dat **Hy wat hulle gemaak het, hulle van die begin af man en vrou gemaak** het nie,

Mat 19:5 en gesê het: Om hierdie rede **sal die man sy vader en sy moeder verlaat** en sy **vrou aankleef**, en hulle twee sal een vlees wees;

Mat 19:6 sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees? **Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie.**

In 'n saambly verhouding word die diepere betekenis van **die man en vrou verhouding totaal gemis**. Dit is 'n uiters vlak verhouding en slegs op eie belang en eie bevrediging gerig, en dus **egosentrië van aard**. Daar is **geen geestelike intimiteit** nie en weerspieël dus niks van **die beeld van God, in terme van die eenheid tussen Vader, Seun en Heilige Gees nie**.

Waar **die huwelik simbolies is van die ewige huwelik tussen Christus en Sy bruid [die Kerk]**, is daar in 'n saambly verhouding niks van hierdie simboliek te vinde nie.

Die man sal sy ouers verlaat en sy vrou aankleef.

Die man verlaat sy ouers se gesin met die doel om sy eie gesin te begin. Dit is 'n aksie wat in die openbaar geskied. Die huwelik is 'n gebeurtenis wat voor getuies [vriende en familie] plaasvind. Die boodskap na buite is duidelik - die betrokke paartjie het hulle aan

mekaar verbind deur bepaalde beloftes af te lê, en **is nie langer beskikbaar vir iemand anders nie**. Hierdie sekuriteit van die verbintenis is die omgewing waarin kinders gebore, opgevoed en tot volwassenheid begelei word.

Saambly is aan die anderkant 'n private gebeurtenis tussen 'n man en vrou en is dikwels in konflik met die oortuigings van familie en vriende. Daar word ook geen beloftes aan mekaar gemaak voor getuies nie.

Reg van die begin af is daar dus onsekerheid oor die standhoudendheid van die verhouding. Dit is dus nie vreemd dat sulke verhoudings nie lank hou nie, en dit bied geen sekuriteit vir kinders om in gebore en groot te word nie.

En hulle sal een vlees wees.

Toe Jesus na Gen 2:24 “en hulle sal een vlees wees”, verwys het, het Hy die opmerking gemaak [Matt 19:6] “**sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees?**” Hierdie “**een vlees**” verwys na die seksuele gemeenskap tussen man en vrou, maar ook na **meer** as dit. Die seksuele eenwording word hier **binne die raamwerk** van 'n groter “**eenheid**” geplaas, die “**eenheid van die huwelik**”, -“hy sal sy vrou aankleef.” Hulle is eers in die “**huwelik verenig**” (geestelik), en daarna sal hulle ook “**een vlees**” wees. Dit gaan dus in die Bybel om 'n **huwelik** wat op **beide liggaamlike en geestelike eenheid** dui, en laasgenoemde word gesien as die konteks waarbinne die liggaamlike eenheid realiseer. 'n Huwelik, wat eenheid tussen man en vrou veronderstel, is steeds 'n ware huwelik al is daar om een of ander rede geen seksuele intimiteit nie, weens siekte, biologiese probleme, impotensie, veroudering, ens.

In die saambly verhouding is daar seksuele eenheid **sonder** die ware geestelike eenheid en die verbintenis van die huwelik. In die saambly verhouding beleef die kinders dan ook **nie** hierdie eenheid nie en voel die kinders steeds onveilig al verklaar albei die ouers ook hul liefde aan die kinders. Statistiek dui aan dat **angs en depressie** by kinders van ouers wat saambly amper 50% hoër is as by kinders wat in huweliksverband groot word.

Die eenheid tussen man en vrou word verder uitgebeeld deur **die gebruik van 'n vrou om haar man se van aan te neem** wanneer hulle trou. Die kinders wat uit die huwelik gebore word, word aan hierdie van geken. Hierdeur word die gesin ook deel van 'n groter familie met baie verwantskappe. Deur die eenheid van die man en vrou word ook haar familie ingesluit, al gee sy haar nooiens-van op.

In 'n saambly verhouding behou die man en vrou hul vanne los van mekaar. Hierdeur beklemtoon hulle dat hulle twee aparte individue bly. Nuwe familieverhoudings kom dus nie tot stand nie, en die begeertes van ouers word dikwels geïgnoreer. Dit alles beklemtoon net weer die selfgesentreerdheid van so 'n verhouding.

Die huweliksertifikaat.

Die huweliksertifikaat is die aanduiding dat 'n man en vrou wettiglik getroud is. [Dit is beslis nie 'n nuttelose stukkie papier nie.]

Hierdie wetlike aspek word ook in die Bybel gevind. Die paartjie en hulle ouers het saam 'n ooreenkoms aangegaan ten opsigte van die huweliksverbintenis. Dit het sekere verpligtinge op die ouers asook die paartjie gelê. Dit het dan ook beteken dat die **betrokke paartjie, voor getuies, wettiglik getroud** is.

Hierdie verpligtinge het ook beteken dat die man en vrou nie somer net kon skei nie. Egskeiding was net moontlik as dit deur 'n **wetlike dokument** bevestig is. **Een wetlike ooreenkoms kan tog NET deur 'n ander wetlike ooreenkoms verbreek word.** [Dit kanselleer dus die idee uit dat mans in die Bybel se tyd, somer net 'n vrou gevat en huistoe gesleep het, sonder enige wettige verbintenis.]

Die **skeibrief** was 'n brief wat deur 'n **aangewese amptenaar** opgestel is **en goedgekeur moes word.** Dit het die vrou wettiglik van haar man losgemaak.

Deut 24:1 As 'n man 'n vrou neem en met haar trou, en as sy dan geen guns in sy oë vind nie, omdat hy iets skandeliks aan haar ont-

dek het, en hy haar ‘n **skeibrief skrywe** en in haar hand gee en haar uit sy huis wegstuur,

Mat 19:7 Hulle sê vir Hom: Waarom het Moses dan beveel om ‘n **skeibrief** te gee en van haar te skei?

Mat 19:8 **Hy antwoord hulle:** Omdat Moses **weens die hardheid van jul harte julle toegelaat het om van julle vroue te skei; maar van die begin af was dit nie so nie.**

Volgens die Bybel het die **huwelik**, benewens die religieuse en ander aspekte, **ook ‘n wetlike aspek wat eerbiedig moet word.**

Rom 7:2 Want **die getroude vrou is deur die wet aan die lewende man gebonde**; maar as die man sterwe, is sy ontslae van **die wet van die man.** [DIE HUWELIKS-WET.]

1Kor 7:39 ‘n **Vrou is deur die wet gebonde so lank as haar man lewe**; maar as die man ontslaap het, is sy vry om te **trou** met wie sy wil, **maar net in die Here.** [HUWELIKS-WET.]

Hoe kan die vrou “**deur die wet**” gebind wees aan haar man, as die **huwelik** [in Bybelse tye] nie ‘n **wettige ooreenkoms met wettige dokumente was nie?** [**Nl. DIE HUWELIKS-WET.**]

Voordat ons oorbeweeg na die HUWELIK, wil ons net ‘n paar skrifte hieronder plaas as bewys dat daar sedert die vroegste tye HUWELIKE **aangegaan is.** Ons gaan ook ‘n paar seksuele sondes kortliks beskryf.

Gen 19:14 Toe gaan Lot uit en praat met sy **skoonseuns wat met sy dogters sou trou**, en sê: Maak julle klaar, gaan uit hierdie plek uit, want die HERE gaan die stad verwoes. Maar hy was in die oë van sy skoonseuns soos een wat gekkeer.

Luk 20:34 Toe antwoord Jesus en sê vir hulle: Die **kinders van hierdie eeu trou en word in die huwelik uitgegee**;

Mat 22:2 Die koninkryk van die hemele is soos ‘n koning **wat ‘n bruilof vir sy seun berei het**

Exo 21:3 As hy alleen kom, moet hy alleen vrygelaat word; **as hy getroud is** [nie as hy saam met ‘n vrou bly nie], moet sy **VROU** saam met hom vrygelaat word.

1 Kor 7:34 Daar is ook onderskeid tussen ‘n vrou en ‘n maagd; die **ongetroude** is besorg oor die dinge van die Here om heilig te wees na die liggaam sowel as na die gees, maar die **getroude** is besorg oor die dinge van die wêreld, hoe sy die man sal behaag. [In die Huwelik.]

1 Kor 7:2 Maar vanweë die *hoererye* moet **elke man sy eie vrou hê**, en **elke vrou moet haar eie man hê**. [Binne die huwelik.]

Seksuele sondes waarvan die Bybel melding maak !!

Ons het reeds gesien dat die woordeboeke hoere klassifiseer as ongetroude persone wat seksueel verkeer. Prostitute bedryf ook hoerery.

“**Hoereloon**” is die inkomste wat deur die hoer/prostituut verdien word. Die Skrif noem egter ook ‘n “**hondeprys**”.

Deut 23:18 Jy mag geen **hoereloon** of **hondeprys** in die huis van die HERE jou God as enige gelofte offer bring nie; want **dié altwee is vir die HERE jou God ‘n gruwel**.

Deut 23:17 Daar mag geen **hoer uit die dogters van Israel** wees nie; en daar mag **geen skandseun uit die seuns van Israel** wees nie.

Owerspel = Egbreuk pleeg. Dit is seksuele gemeenskap tussen ‘n getroude man of vrou met ‘n derde persoon.

Lev 20:10 En as iemand **owerspel** doen met ‘n man se vrou,

owerspel doen met sy naaste se vrou, **moet hy en sy** wat **owerspel** doen, **sekerlik gedood word.**[‘n 3de persoon in die **huwelik.**]

Uit die onderstaande skrifgedeeltes is dit duidelik wat God van hoerery en allerhande onreinheid dink.

Gal 5:19 En die **werke van die vlees** is openbaar, naamlik **owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid;**

Gal 5:20 **afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap;**

Gal 5:21 **afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge**, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat **die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie.** [U SAL DUS HEMEL NIE MAAK NIE.]

Efes 5:3 Maar **hoerery en allerhande onreinheid** of hebsug **moet onder julle selfs nie genoem word nie**, soos dit die **heiliges betaam;** [GEEN SAAMBLYERY NIE.]

Kol 3:5 Maak dood dan julle lede wat op die aarde is, naamlik **hoerery, onreinheid, hartstog, slegte begeertes en gierigheid, wat afgodediens is,**[Breek met jou sonde en **TROU.**]

Jud 1:7 soos **Sodom en Gomorra** en die stede rondom hulle, wat op dieselfde manier as hierdie mense **gehoereer en agter vreemde vlees aangeloop het**, as ‘n voorbeeld gestel is, terwyl hulle die straf van die ewige vuur ondergaan.[DIE EWIGE HEL.]

‘n Laaste woord aan ons jongmense !!!!

Wat is die wil van God vir jou lewe ????

1Thes 4:3 Want dit is die **WIL van God: julle heiligmaking;** dat julle **jul moet onthou van die hoerery;** [NIE SAAMBLY nie.]

1Thes 4:4 dat **elkeen van julle** moet weet om **sy eie vrou te**

verkry in heiligheid en eer, [GEEN SAAMBLYERY VOOR DIE TYD NIE]

1Thes 4:5 nie in hartstogtelike begeerlikheid soos die heidene wat God nie ken nie; [WELLUS BEGEERTES.]

Ons liggame is die tempel van God. [Sal jy die kerk gaan besoedel, so erg dat dit nooit weer herstel kan word nie?] Hoeveel te meer moet ons ons liggame rein bewaar.

Kor 6:15 Weet julle nie dat **julle liggame lede van Christus is nie?** Sal ek dan **die lede van Christus** neem en dit **lede van 'n hoer maak?** Nee, stellig nie!

1Kor 6:16 Of weet julle nie dat **hy wat 'n hoer aanhang, met haar een liggaam is nie?** Want die twee, sê Hy, sal een vlees wees.

1Kor 6:17 Maar wie die Here aanhang, is een gees met Hom.

1Kor 6:18 **Vlug vir die hoerery.** Enige sonde wat 'n mens doen, is buite die liggaam; **maar wie hoerery bedryf sondig teen sy eie liggaam.**

1Kor 6:19 Of weet julle nie dat **julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees** wat in julle is, wat julle van God het, **en dat julle nie aan juiself behoort nie?**

1Kor 6:20 **Want julle is duur gekoop.** Verheerlik God dan in **julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort.**

2Tim 2:22 Maar **vlug vir die begeerlikhede van die jonkheid en jaag ná geregtigheid, geloof, liefde, vrede,** saam met die wat die Here uit 'n rein hart aanroep.

2Tim 2:23 **En die dwase en onverstandige strydvrage [oor saamblyery?] moet jy afwys,** omdat jy weet dat dit twis verwek;

Pred 12:1 **En dink aan jou Skepper in die dae van jou jonkheid** voordat die **ongelukkige dae** kom en die jare aanbreek waarvan jy sal sê: **Ek het daar geen behae in nie—**

Statistiek i.v.m. Tienerseks !!!

Dié syfers vertel 'n skokkende verhaal . . .

51% van tieners in Suid-Afrika het seks voor 15, volgens

LoveLife, Suid-Afrika se nasionale vigsvoorkomingsprogram vir die jeug.

20% begin al vóór 12 eksperimenteer en

41% van 14-jariges is seksueel aktief, volgens die SA Mediese Navorsingsraad se peiling oor risiko-gedrag by die jeug.

70% van hulle het meer as een bedmaat en slegs

29% van hulle het 'veilige' seks -

71% gebruik nie kondome nie.

Werklike gevalle:

Vriendin A: “Asemrowende mooi meisie verloor haar onskuld in 'n sekonde. 'n Vreemde seun word 'n 'lover' ná 'n paar SMS'e en toe sy haar oë uitvee, verloor sy haar 'virginity' in 'n aantrekkamer - hoe romanties! Sy was net 13 jaar oud.”

Vriendin B: “Ná 'n verhouding van 18 maande waar my vriendin (15 jaar oud) baie emosioneel misbruik gevoel het, het die druk te veel geword en verloor sy haar 'virginity'. Gelukkig was sy nie swanger nie.”

Vriendin C: “Ná 'n week in 'n passievolle verhouding het sy (14 jaar oud) woeps-waps haar onskuld verloor. Ná dit het sy verplig gevoel om by hom te bly.”

“Daar is girls (kennisse) wat nou 16 is en al met **agt, nege of tien ouens** geslaap het. Hulle is min gespin oor siektes en swangerskap.”

Jongmense, moet asseblief nie deel van die statistieke van die morele verval van die Suid-Afrikaanse jeug

word nie !!!

Die Huwelik !!!

Die **Christen huwelik is eintlik 'n verbond wat die man en vrou met mekaar sluit**. By die sluiting van 'n verbond is daar 'n verbintenis en bepaalde vereistes wat van albei partye verwag word. Dit geld ook vir die huweliksverbond.

In die Bybelse tye was die sluit van verbonde 'n algemene gebruik, en daar was drie elemente daarby betrokke, die bloed, beloftes en 'n seël.

1. **Bloed**. Die twee partye het hulle polse gesny en dit teen mekaar gedruk.
2. **Beloftes**. Albei partye het plegtige beloftes teenoor mekaar gemaak.
3. **Seëls of tekens** is tussen die twee partye uitgeruil.

Bekende verbonds voorbeelde in die Ou Testament was dié tussen God en Noag (Gen.7:1, en Gen.9:1116), God en Abraham (Gen.17) en God en die kinders van Israel (Ex.13:1116)

Die belangrikste verbond wat **elke mens** kan kies om aan te gaan, is die **Nuwe Verbond**. Dit is moontlik gemaak toe Jesus, die Seun van God, Sy Heilige Bloed gestort het en ewige lewe belowe het, deur die Nuwe Geboorte, aan elkeen wat Hom as persoonlike Verlosser en Here ontvang. 'n Nuwe, beter Verbond, gegrond op beter beloftes (Heb 7: :22, Heb 8:6 en Gal.4:47), is ingestel met die eerste Heilige Nagmaal volgens 1Kor.11.

In hierdie Verbond wat God met die mens gesluit het, sodat ons met Hom versoen kon raak as ons Hemelse Vader, vind ons al drie die vereistes vir 'n verbond.

1. **Die Bloed** van Jesus Christus.
2. **God se wonderlike beloftes in Sy Woord** (God het reeds Sy deel van die verbond nagekom en nou, in Sy oneindige groot genade, help Hy ons om ons deel na te kom).

3. **Die seël of teken is die Nagmaalsbeker.** (1Kor.11:25) “Net so ook die beker ná die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe Testament in my Bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis.”

Die God wat ons dien, is die God van die verbond. Hy gee aan ons die illustrasie van die verbond, sodat ons die **belangrikheid van getrouheid kan verstaan.**

By die voltrekking van die huwelik word daar **beloftes, voor God en die mense teenwoordig, aan mekaar gemaak.** Dit mag nie ligtelik opgeneem word nie. In werklikheid sluit die man en die vrou 'n verbond met mekaar. Die **huweliks verbond** sluit ook **bloed, beloftes en 'n seël in:**

1. **Bloed** in die volvoering van die huwelik deur omgang.
2. **Beloftes.** Beide partye maak plegtige beloftes.
3. **Seëls** word verwissel, gewoonlik in die vorm van **trouringe.**

Efes 5:30 Want **ons is lede van sy liggaam, van sy vlees en van sy bene.**

Efes 5:31 Daarom **moet die man sy vader en sy moeder verlaat** en sy **vrou aankleef** en hulle twee sal **een vlees word.**

Volgens hierdie skrifgedeelte is Christus en die Kerk [weergebore kinders van God] een, en net so is die man en die vrou ook een. Die kerk is vlees van Sy vlees en been van Sy been. Net so is Eva van Adam se vlees, en van sy been.

Gen 2:22 En die **HERE God bou die rib wat Hy van die mens geneem het, tot 'n vrou en bring haar na die mens.**

Gen 2:23 Toe **sê die mens:** Dit is nou eindelijk **been van my gebeente en vlees van my vlees.** Sy sal mannin [Isha] genoem word, want sy is uit die man [Ish] geneem.

Gen 2:24 Daarom **sal die man sy vader en moeder verlaat** en sy **vrou aankleef.** En hulle sal **een vlees wees.**

“Die **huwelik van een man en een vrou verenig hulle,** sodat hulle twee **een vlees word.**”

Mat 19:5 en gesê het: Om hierdie rede sal die man sy vader en sy moeder verlaat en **sy vrou aankleef**, en hulle twee sal **een vlees wees**;

Mat 19:6 sodat hulle nie meer twee is nie, **maar een vlees**? Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie.[ook geen hof.]

Hierdie uitdrukking is twee keer **deur Jesus** gebruik: “hulle twee sal een vlees wees”

Die woord **‘aankleef’** [of klou] dui die intiemste en sterkste verbin-
tenis aan. **Die Griekse woord wat hier gebruik word is proskol-
laō , wat beteken gom/”glue”.** Hulle was twee, maar is behoorlik
deur die Heilige Gees in die huwelik aan mekaar **vasgegom.**

Jesus se antwoord, op die Fariseërs se slinkse vraag in verband met die huwelik en egskëiding, was dat aangesien twee so intiem verbind is **asof hulle een is**, en aangesien God in die begin net **een vrou vir een man** gemaak het, dit dus **beteken dat hulle nie kan skei**, sonder die vergunning van God nie.

‘n Man kan nie sy vrou sommer vir enige rede skei nie. Om een vlees te verdeel, of om twee wat verenig [vas gegom] was te skei, is om ‘n lewende organisme te vernietig. Die **Engelse** woord wat gebruik word vir “**skei**” in Matt 19:6 is die woord “**asunder**”. In Heb 11:37 lees ons dat van die vroeë Christene in stukke gesaag is [**sawn asunder**]. Dit is die tipe moord wat vandag so algemeen is. Die howe “**saag**”, baie maklik en vinnig, hulle wat **in God se oë een is**, in stukke, en **vermoor so die gesinslewe van ons land.**

Verder leer Jesus dat die **huwelik**, een man en een vrou, sterker aan mekaar bind, as die liefde tussen ouer en kind, want “Om hierdie rede sal die man **sy vader en sy moeder verlaat** en **sy vrou aankleef**, en hulle twee sal een vlees wees.” (Mat.19:5) Hierdie aanhaling van Jesus uit Gen 2:24 beteken dat wanneer ‘n man ‘n vrou getrou het, **hy stewiger aan haar gebind is, as die band tussen hom en sy ouers.**

Paulus illustreer hierdie verbonds verhouding aan die

Efesiërs: [Hier kry ons dus, vanuit God se hart, opdrag aan die man!]

Efes 5:25 Manne, **julle moet jul eie vrou liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het**

Efes 5:26 om **dit te heilig**, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord,

Efes 5:27 sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees.

Efes 5:28 So behoort die mans hulle eie vrou lief te hê soos hul eie liggame. Wie sy eie vrou liefhet, het homself lief;

Efes 5:29 want niemand het ooit sy eie vlees gehaat nie, **maar hy voed en koester dit, net soos die Here die gemeente.**

Efes 5:30 Want **ons is lede van sy liggaam, van sy vlees en van sy bene.**

Efes 5:31 Daarom moet die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef en hulle twee sal **een vlees word.**

Efes 5:32 Hierdie verborgenheid is groot, maar ek sê dit **met die oog op Christus en die gemeente.**

Efes 5:33 In alle geval moet elkeen van julle ook afsonderlik sy eie vrou liefhê net soos homself, en die vrou moet die man eerbiedig.

Efes.5:29 voeg by dat die man sy vrou moet liefhê soos hy homself lief het en hy moet haar **VOED** en **KOESTER**. Die Afr. verklarende woordeboek gee die volgende verduideliking van **koester: verwarm, troetel, liefderyk verpleeg, lewendig hou**. Mag ek byvoeg dat hierdie **lewendig hou** beslis ook **van toepassing is op sy vrou se geestelike lewe: die eggenoot is verantwoordelik dat sy vrou geestelik lewendig bly**. Hy is die **geestelike hoof** van die huis. Let daarop dat die Here nie beveel, dat die man sy vrou moet liefhê net wanneer hy dink sy dit waardig is nie! Die man moet sy vrou **te alle tye liefhê, voed en koester, omdat hy in 'n verbondsverhouding met haar staan.**

Ons lees in **Efes.5** dat **die vrou** egter ook **'n plig teenoor die man het**. Wanneer 'n Christen egpaar hulle verbond met

God en met mekaar gestand doen, kan hulle ver wag dat God hulle kinders ook sal seën, want deur hulle toewyding aan God en aan mekaar **KIES HULLE LEWE VIR HULLE KINDERS**. Deur nie altyd die ‘Lewe’ te kies nie, en **ongehoorsaam te wees aan God se Woord**, sal ‘n verbreking in dié verbondsverhouding (huwelik) plaasvind, en dikwels sal die **“dood” van egskeiding opdoem**. Daar staan in die Bybel: **“God haat egskeiding!”**, onthou, wat God saamgevoeg het, mag niemand skei.

Moses het **“skeibriewe”** toegelaat as gevolg van **die hardheid van die mense se harte**. [Matt 19:7&8] Dit was **nooit deel van God se oorspronklike plan vir die huwelik nie**. Die huwelik tussen man en vrou is **simbolies** van die **verhouding tussen Jesus Christus en sy Kerk**.

1Kor 7:14 Want die **ongelowige man is geheilig deur die vrou**, en die **ongelowige vrou is geheilig deur die man**; want **anders sou julle kinders onrein wees, maar nou is hulle heilig**.

Dit is moeilik om die presiese ouderdom te bepaal, wanneer ‘n kind verantwoordelik is vir sy besluite aangaande die Here. Wanneer ‘n kind ‘n besluit moet neem oor enige belangrike saak, sal dit afhang van sy **BEGRIP** van dit wat van hom gevra word. Ons weet van kinders wat op vyfjarige ouderdom ‘n keuse gemaak het om Jesus in hul harte te nooi, dit bly egter die ouers se plig om die geestelike groei in dié kind te koester en aan te moedig, net soos julle na sy fisiese ontwikkeling sal omsien. Sommige beweer dat die mees geskikte ouderdom sewe jaar is. Alle kinders word egter deur hul geredde ouers geestelik beskerm totdat hulle die Here persoonlik as Verlosser aanneem, of volwasse genoeg is om te besef waaroor die saligheid gaan.

Hand 16:31 Toe sê hulle: **Glo in die Here Jesus Christus en jy sal gered word, jy en jou huisgesin.**
God se orde vir die gesin.

God is die hoof van Christus, Christus is die hoof van die man, en die man is die hoof van die vrou.

1Kor 11:3 Maar ek wil hê dat julle moet weet dat **Christus die hoof is van elke man, en die man die hoof van die vrou, en God die hoof van Christus.**

Hierdie gesag of hoofskap beteken nie meerderwaardigheid nie.

Hierdie gesag is nie **DIKTATORSKAP** nie. Dit beteken nie **MEERDERWAARDIGHEID** van die man en **MINDERWAARDIGHEID** van die vrou nie. God se gesagsorde is ontwerp om **Godde-like Orde** voort te bring.

Die man se verantwoordelikheid.

As hoof van die huis het die man 'n geweldige verantwoordelikheid teenoor sy gesin.

Hy moet **erken** en **toelaat** dat **Jesus Christus** oor **elke gebied** van sy lewe as **HERE** heers. God het hierdie gesag aan hom toevertrou, maar hy is op sy beurt weer onderworpe aan die gesag van Jesus Christus.

'n Eggenoot kan slegs sy gesag en hoofskap suksesvol uitoefen, indien hy self onder Christus se gesag en Hoofskap staan. Dit is die Bybel se grondslag.

Dis interessant om daarop te let dat die vrou nie van die man se voet gemaak is—om vertrap te word nie; of van sy kop, dat sy daarop kan sit nie. God het haar uit sy ribbebeen gemaak, naby sy hart, sodat hy haar kan liefhê en hulle in eenheid met mekaar en met hul skeepers kan saamleef.

'n Man moet erken dat hy en sy vrou '**een vlees**' geword het en daarom moet hy **sy vader en moeder verlaat** en **sy vrou aankleef**. Baie huwelike het al op die rotse beland as gevolg van 'n **té sterk band** tussen '**n moeder en haar seun**. Hy moet op sy hoede wees hiervoor. Hy moet erken dat hy en sy vrou **EEN** is, soos Christus en Sy Kerk, **EEN** is. Hy moet sy vrou liefhê **net soos Christus Sy Kerk [Bruid] liefhet**. [Christus het vir Sy Kerk gesterf, sodat hulle

kan lewe.] Hy moet haar net soveel liefhê soos wat hy homself liefhet.

Hy moet haar dus alles gun wat hy homself gun. Hy moet haar koes-ter en bemin, en haar as God se geskenk aan hom soos 'n kosbare skat bewaar. Sy moet emosioneel, geestelik en fisies gekoester word. **Hy mág nie sy moeder bokant sy vrou verhef nie!** **Die Here kom eerste in sy lewe, daarna sy vrou, dan sy kinders en eers dan sy ouers en ander mense.** Die Woord leer dat ons, ons vader en moeder moet eer en dit móét ons dan ook doen, maar **nie ten koste** van ons eie gesin nie.

Gen 2:18 Ook het die HERE God gesê: Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. **Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas.**

Efes 5:28 So behoort die mans hulle **eie vroue lief te hê soos hul eie liggame.** Wie sy **eie vrou liefhet, het homself lief;** **Efes 5:29** want **niemand het ooit sy eie vlees gehaat nie,** maar **hy voed en koester dit, net soos die Here die gemeente.**

1Kor 13:4 Die liefde is **lankmoedig en vriendelik;** die liefde is **nie jaloers nie;** die liefde **praat nie groot nie,** is **nie opgeblase nie,**

1Kor 13:5 handel **nie onweloweglik nie,** soek **nie sy eie belang nie,** word **nie verbitterd nie,** reken **die kwaad nie toe nie,**

1Kor 13:6 is **nie bly oor die ongeregtigheid nie,** maar **is bly saam met die waarheid.**

1Kor 13:7 Dit **bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles.**

1Pet 3:7 Net so moet julle, **manne, verstandig met hulle saamlewe** en aan die **vroulike geslag,** as **die swakkere, eer bewys,** omdat julle ook **mede-erfgename** van die genade van die lewe is—**sodat julle gebede nie verhinder mag word nie.**

Die vrou se verantwoordelikheid.

Die vrou moet **haar verantwoordelikheid** met die regte **gesind-**

heid aanvaar. Sy is **nie minderwaardig** teenoor die man nie en **hoef** dus nie met hom **mee te ding nie**. Man en vrou is **mekaar** se gelyke in belangrikheid, **maar NIE in posisie NIE**. Sy **moet** 'n **onderdanige gees hê**. Efes 5:22 **“Vroue, wees aan julle eie mans onderdanig, soos aan die Here.”** Die Hebreeuse woord vir **“onderdanig”** beteken **“om onder die beskerming van iemand te wees”**. Die vrou moet **respek hê vir haar man** en vir sy **besluite**. Haar onderdanigheid moet wees **soos vir die Here in geloof en in gehoorsaamheid**, met vreugde **in die wete dat God in beheer is**.

Kol 3:18 Vroue, wees julle mans onderdanig soos dit betaamlik is in die Here.

1Pet 3:1 Net so moet julle, vroue, **aan jul eie mans onderdanig wees**, sodat, as sommige aan die woord ongehoorsaam is, hulle ook deur die wandel van die vrou sonder woorde gewin kan word

1Pet 3:6 soos Sara gehoorsaam was aan Abraham en hom heer genoem het;

1Kor 7:3 Die man moet **aan die vrou die verskuldigde welwillendheid bewys**, en **net so ook die vrou aan die man**.

1Kor 7:4 Die vrou het **nie mag oor haar eie liggaam nie**, maar **die man**; en **net so ook het die man nie mag oor sy eie liggaam nie**, maar **die vrou**.

1Kor 7:5 **Onttrek julle nie aan mekaar nie, behalwe met wedersydse ooreenstemming** vir 'n tyd lank om julle aan **vas en gebed** te kan wy; en kom weer bymekaar, sodat die Satan julle nie in versoeking bring deur julle gebrek aan selfbeheersing nie.

Sy moet **haar man eer as haar hoof en beskerming**. Haar strewe moet wees na 'n **rustige sagmoedige gees**.

1Pet 3:3 **Julle versiering moet nie uiterlik wees nie:**

haarvlegtery en omhang van goud en aantrek van klere nie,

1Pet 3:4 **maar die verborge mens van die hart in die onverganklike versiering van 'n sagmoedige en stille gees, wat baie kosbaar is voor God.**

1Pet 3:5 Want so het vroeër ook **die heilige vroue wat op God gehoop** het, hulleself versier, en **hulle was aan hul eie mans onderdanig,**

Sy moet erken dat man en vrou saam erfgename is van God se genade. Sy moet **betroubaar en lojaal** wees. Die vrou vul die man aan. Sy is **sy hulp**, 'n **bron van aanmoediging**, 'n **troos** en 'n **vriendin**. Sy moet **gasvry** wees en 'n **tuisteskepper**, dit sluit **ordentlikheid, netheid** en **hartlikheid** in. **Sy is die "hart" van die gesin, terwyl sy toelaat dat haar man die "hoof" is.**

1Tim 3:11 Net so moet die vrou **waardig** wees, **geen kwaadspreeksters** nie, **nugter, betroubaar** in alles.

Heb 13:2 Vergeet die **gasvryheid** nie, want daardeur het sommige, sonder om dit te weet, engele as gaste geherberg.

Tit 2:3 Die **ou vroue** moet ook in hulle gedrag wees soos dit die **heiliges** betaam, **geen kwaadspreeksters** of **aan baie wyn verslaaf** nie, maar **leraresse van wat goed is,**

Tit 2:4 sodat **hulle die jong vroue kan leer om versigtig te wees, hulle mans en kinders lief te hê,**

Tit 2:5 **ingetoë te wees, kuis, huislik, goed, aan hul eie mans onderdanig,** sodat die woord van God nie belaster word nie.

1Tim 2:9 So ook moet **die vroue** hulle **versier met behoorlike kleding, gepaard met beskeidenheid en ingetoënheid,** nie met vlegsels of goud of pêrels of kosbare klere nie,

1Tim 2:10 maar, **soos dit vroue betaam wat die godsvrug bely,** met goeie werke.

1Tim 2:11 **Die vrou moet haar in stilte laat leer in alle onderdanigheid.**

1Tim 2:12 **Ek laat die vrou egter nie toe om onderrig te gee of oor die man te heers nie, maar sy moet haar stil hou.**

Die Bybel gee vir ons 'n pragtige voorbeeld van 'n deugsame vrou in Spreuke 31.

- Spr 31:10** Alef. Wie sal ‘n **deugsame** [nie beeldskone nie] **vrou** vind? want **haar waarde is ver bo korale.**
- Spr 31:11** Bet. Die **hart van haar man vertrou op haar**, en aan wins sal dit hom nie ontbreek nie.
- Spr 31:12** Gimel. **Sy doen aan hom goed**, en nie kwaad nie, al die dae van haar lewe.
- Spr 31:13** Dalet. **Sy sorg vir wol en vlas**, en sy **werk met gewillige hande.**
- Spr 31:14** He. Sy is soos die skepe van ‘n handelaar—van ver af bring sy haar brood in.
- Spr 31:15** Wau. En **sy staan op as dit nog nag is en gee voedsel aan haar huisgesin** en die bestemde deel aan haar diensmeisies.
- Spr 31:16** Sajin. Sy dink na oor ‘n stuk grond en koop dit, van die vrug van haar hande plant sy ‘n wingerd.
- Spr 31:17** Get. Sy omgord haar lendene met krag en hou haar arms stewig.
- Spr 31:18** Tet. Sy voel dat haar wins goed is, **in die nag gaan haar lamp nie dood nie.**
- Spr 31:19** Jod. Sy steek **haar hande uit na die spinstok, en haar handpalms hou die spoel vas.**
- Spr 31:20** Kaf. Sy brei **haar handpalm uit na die ellendige, en sy steek haar hande uit na die behoeftege.**
- Spr 31:21** Lamed. Sy is nie bevrees vir haar huisgesin **vanweë die sneeu nie, want haar hele huisgesin dra skarlaken stof.**
- Spr 31:22** Mem. Sy maak **vir haarself dekens**, haar **tabberd is van fyn linne en purper.**
- Spr 31:23** Noen. Haar man is bekend in die poorte as hy saam met die oudstes van die land sit.
- Spr 31:24** Samek. Sy **maak hemde en verkoop dit, en gordels lewer sy aan die handelaars.**
- Spr 31:25** Ajin. Sterkte en eer is haar kleding, en sy lag oor die dag wat kom.
- Spr 31:26** Pe. Haar mond maak sy oop met wysheid, en vriendelike onderrigting is op haar tong.
- Spr 31:27** Sade. **Opmerksaam gaan sy die werksaamhede van haar huis na**, en die brood van luiheid eet sy nie.
- Spr 31:28** Kof. Haar seuns tree op en noem haar gelukkig, haar man ook, en hy prys haar:

Spr 31:29 Resj. Baie dogters het hulle knap gedra, maar jy oortref hulle almal.

Spr 31:30 Sjin. **Die bevalligheid is bedrog, en die skoonheid is nietigheid; 'n vrou wat die HERE vrees, sy moet geprys word.**

Spr 31:31 Tau. Gee haar van die vrug van haar hande, en laat haar werke haar prys in die poorte.

Hoe behandel jy jou gade ???

Wanneer jy **VAN jou gade praat**, spreek jy woorde wat **LEWE** voortbring? In plaas van te kritiseer, verkleineer, neul of af te breek met jou woorde, begin om **DIE WOORD VAN GOD** te spreek in elke **situasie en omstandigheid**, en jy kan verwag dat jou man of vrou se houding en optredes sal verander.

Efes4:32 “Maar **wees vriendelik** en **vol ontferming** teenoor mekaar; **vergeef mekaar** soos God ook in Christus julle vergewe het.”

Gal5:22-23; “Maar die vrug van die Gees is **liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.....**”

As daar verwagting en geloof in jou hart is, dat **God se Woord** lewe en verandering sal bring, sal God jou geloof eer! Jy sal na 'n tyd resultate sien, soos jy hierdie beloftes terug bid na God. Gaan na jou slaapkamer en gaan sit op sy/haar kant van die bed en spreek die voorafgaande woorde. Sit op sy/haar geliefkoosde stoel en op sy/haar plek aan tafel en spreek daardie woorde. Roep hulle hardop tot die Here. Sê hulle **vir JOUSELF**, en aan die duiwel. **GLO hulle** en volhard, selfs as dit wil voorkom asof die omstandighede nie dadelik verander nie. God sal jou geloof eer! Dit is die gesproke Woord van God, deur die Heilige Gees, wat hom/haar sal verander, omdat jy gekies het om Hom te glo.

Twee Bybelse karakters wie se lewens die prinsiep van geduldige **WAG** vir die manifestering van God se beloftes puik demonstreer, was Abraham en Kaleb. Abraham moes **25jaar wag** voordat Isak gebore is. Isak was die seun van die belofte, wat God 'n kwart eeu voor Isak se geboorte aan Abraham gemaak het. Kaleb, Joshua se

mede-verspieder, moes **40 jaar wag** voordat hy die bergland van Hebron in besit kon neem, wat Moses volgens God se instruksies aan hom belowe het. Ek skryf hierdie voorbeelde nie om jou te ONTMOEDIG nie, maar **te BEMOEDIG!** Al verloop **baie dae, weke, maande, soms jare HOU VAS AAN GOD SE BELOFTES!**

Moenie toelaat dat jou huwelik 'n **tweegeveg** in plaas van 'n **tweesang** word nie. **Rom 14:19** “Laat ons dan **najaag** wat tot **vrede** en **onderlinge stigting** dien.” Gehoorsaamheid aan **Goddelike onderdanigheid** soos voorgeskryf in Sy Woord, bring beskerming, krag, God se goedkeuring en seën. Sy Woord belowe dat as ons onself verneder sal Hy ons verhoog. God se onderdanigheid rangorde in die Bybel is:

1. Onderdanigheid aan God Jak.4:7
2. Onderdanigheid aan Owerhede Rom.13:1
3. Onderdanigheid aan geestelike leiers [Pastoor.] Heb.13:17
4. Vrouens aan Mans Efs.5:22
5. Kinders aan Ouers Efs.6:1
6. Diensknegte aan Here Efs.6:5
7. Onderdanigheid aan mekaar Efs.5:21

Jesus het **onderdanigheid aan gesag** verstaan en dit altyd toegepas. Hy het in **Joh.5:30** gesê: “Ek kan uit Myself niks doen nie..... omdat Ek nie my wil soek nie, maar die wil van die Vader wat My gestuur het.” Hy bevestig Sy onderdanigheid aan Sy Vader waar Hy in **Joh.5:19** sê: “Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie. Want alles wat Hy doen, dit doen die Seun ook net so.”

Ware onderdanigheid in gehoorsaamheid aan God se Woord vereis altyd geloof. Onderwerping aan God se Wil verg vertroue en krag om gehoorsaam te wees. Die vyand het egter tot 'n groot mate daarin geslaag, om die mense te laat glo dat die teenoorgestelde waar is – maar ons weet dat hy die vader van die leuen is en God se Woord verdraai sodat hy die wat hom glo kan bedrieg. **Onderwerping word in die wêreld gesien as ondergeskik, swak, ruggraatloos en minderwaardig en ons word aangemoedig om “op te staan vir onself,” “te veg vir**

ons regte” ens. Regdeur die wêreld hoor ons, in hierdie dae, meer en meer oor **mense REGTE, vroue REGTE, kinder REGTE,** ens, ens, soos rebellie en wetteloosheid toeneem en die gees van die Antichris en die Nuwe Wêreld Orde intree.

God weet presies wat hy doen wanneer Hy Sy kinders beveel om **in sekere omstandighede onderdanig te wees.** Dit is Sy manier om ons beskerming en welstand te verseker. Jesus, wat **te alle tye en onder alle omstandighede aan die Vader onderdanig was,** kon in **Joh.14:30** sê “....want die owerste van hierdie wêreld kom en het aan My niks nie.” Satan het **geen houvas op Jesus** gehad nie, omdat **Hy ten volle gehoorsaam en onderdanig aan die Vader en Sy Woord was.**

‘n Huwelik is **veel meer as ‘n vennootskap.** Dit is die gee van 100% van die een plus 100% van die ander, wat hulle een maak. In **Open 2:4,** bestraf Jesus die kerk van Efese omdat hulle hul “....**eerste liefde verlaat het**”. Eerste liefde gaan verlore wanneer huweliksmaats ophou vra wat hulle **vir mekaar kan doen** en begin **verwag dat die gade alles vir hulle moet doen!** Toe ons verhouding met Jesus nog nuut was, kon ons **nie genoeg vir Hom doen nie uit liefde en dankbaarheid.** In die huweliksverhouding behoort ons ook so op te tree.

Onderdanigheid is nie ‘n swakheid nie, maar ‘n God gegewe plek van krag. Onderdanigheid, soos in Sy Woord beskryf, is ‘n plek van veiligheid en beskerming. Dit is waarom Satan dit so haat – want dit verhinder hom om sy doel te bereik! Hy probeer sy bes om dit bespotlik te maak en om dit in die vrouens se oë te verkleineer. **Die man is die priester van God in sy gesin** en in daardie posisie is hy ook die **beskermer, fisies en geestelik.** As ‘n vrou egter onder hierdie beskerming wat God ingestel het, uitbeweeg en sy hierdie hoofskap van haar man oor die gesin toe-eien, hoe subtiel ookal, stel sy haarself bloot aan allerhande demoniese invloede en aanvalle. Volgens die Woord van God is dit ‘n **‘gees van Isébel’** ‘n **‘manipulasie gees’**, wat dieselfde as **waarsêery** en **afgodery** is en dit is eintlik **rebellie in God se oë.** **1 Sam15:23** “Want wederstrewigheid is ‘n sonde van waarsêery, en eiesinnigheid is afgodery.”

Wees jy onderdanig – laat jou eggenoot aangaan, selfs al be-
gaan hy 'n fout. Dit is nie te sê dat jy nie **JOU** opinie mag gee
nie. **Hy moet egter vir homself besluit, want HY sal die
gevolge en verantwoordelikhede van sy keuses moet
dra. Hy sal aan GOD verantwoording moet doen!**

**God verwag van die man om aan Christus gehoorsaam te
wees en SY Hoofskap en gesag in sy lewe te erken.** As 'n
man van sy vrou verwag om onderdanig teenoor hom te wees,
moet hy verstaan dat God **dieselfde onderwerping aan
Christus**, as sy Hoof en gesag, verwag. Indien 'n man nie onder-
danig is nie, sal dit daartoe lei dat God sy seën sal terughou, nie
net van homself nie maar ook van die hele gesin. **As priester
van sy gesin word geweldige verantwoordelikheid op die
man geplaas.**

God beantwoord nie die gebede van 'n man wat uit lyn is met Sy
Woord, deur NIE sy vrou te behandel volgens die bevele van God
se Woord nie. [Haar nie te eer nie, haar nie liefhet soos sy eie lig-
gaam nie, en haar nie te voed en te koester nie.]

1Pet. 3:7 Net so moet julle, manne, **verstandig met hulle
saamlewe** en aan die vroulike geslag, **as die swakkere,
eer bewys**, omdat julle ook **mede-erfgename van die ge-
nade** van die lewe is—sodat julle gebede nie verhinder mag
word nie.

Die vrou se gedrag en optrede mag NIE die man beïnvloed
in sy behandeling van die vrou nie – SY OPTREDE moet ALTYD
en onvoorwaardelik in lyn met die Here se opdragte wees! Hy is
direk aan God verantwoordelik. Onderdanigheid is 'n geloofshan-
deling volgens die Woord van God en laat God toe om in enige
omstandigheid te onderneem. **Die man moet geloof in God
hê soos hy homself aan die Hoofskap van Jesus
Christus, in alle dinge, onderwerp.** Die vrou moet
**geloof in God hê soos sy haarself aan die man
onderwerp soos aan die Here Jesus Christus.** Wanneer 'n
huwelikspaar **saam bid en saamstem** volgens **Mat18:19**

[,Weer sê Ek vir julle: As twee van julle saamstem op die aarde oor enige saak wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemele is.] sal hul huweliksverhouding 'n nuwe dimensie binnegaan en sal baie gebede beantwoord word, omdat hulle **SAAM** erfgename is van die genade van die lewe soos ons gesien het in **1Pet.3:7**.

As 'n man en vrou die genot van seks binne die huwelik deel soos God dit bedoel het, en mekaar met liefde en respek bejeën, sal selfs hulle sekslewe God vereer.

As hulle egter rondspeel, met seks en '**verhoudings**' buite die huwelik het, verbreek hulle SY gebooie. Die wêreld noem dit "**n verhouding hê**", **God noem dit owerspel!** Die handleidings oor seks, wat deur wêreldse skrywers geskryf is, lê altyd die klem op die **METODE** om seks te hê, **maar God se Woord plaas die klem op die MOTIEF**. As 'n man en vrou seks het met selfsugtige of perverse motiewe, vernietig hulle een van God se kosbaarste gawes aan die mens. In werklikheid **BELEDIG hulle die Skepper**, en hulle sal verseker die gevolge dra!

Dit is 'n opwindende avontuur om elke dag met GOD se Woord besig te wees! **LEES EN BESTUDEER** dit: Hy openbaar Homself aan ons **deur Sy Woord** – Sy Woord is 'n reeks persoonlike briewe geskryf aan Sy geliefdes: **JY en EK!**

A certain wise woman said to her daughter before her marriage: "My child, stand before thy husband and minister to him. If thou wilt act as his maiden, he will be thy slave, and honour thee as his mistress; but if thou exalt thyself against him, he will be thy master, and thou shalt become vile in his eyes, like one of the maidservants."

God haat egskeiding

Egskeiding behoort nie eers 'n opsie te wees nie. Ons behoort te trou met die vasberade begeerte om die huwelik te laat werk.

Mal 2:16 Want **Ek haat egskeiding, sê die HERE**, die God van Israel, en

Mat 19:6 sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees? **Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie.**

Dit is onrusbarend om te verneem dat die egskeidingstempo onder **belydende Christene** omtrent net so hoog is as onder diegene in die ongelowige wêreld.

Kinders in die huwelik.

Kinders is 'n ERFENIS en 'n geskenk van God. Kinders is 'n seën, 'n gawe en 'n beloning van die Here. Kinders is die kroon en trots van hul voorgeslag. Een van die groot voorregte wat God aan die mens gegee het, is die vermoë om kinders na sy eie soort en beeld voort te bring.

Psa 127:3 Kyk, seuns is 'n erfdeel van die HERE; die vrug van die moederskoot is 'n beloning.

Spr 17:6 Kinders is 'n kroon vir grysaards, en vir die kinders is hulle vader 'n eer.

Marriage	Divorce statistics (in percent) America
First Marriage	45% to 50% marriages end in divorce
Second Marriage	60% to 67% marriages end in divorce
Third Marriage	70% to 73% marriages end in divorce

"50% of all marriages in the America end in divorce."

Die ouers se verantwoordelikheid teenoor die kinders.

Die beste geskenk wat 'n vader aan sy kinders kan gee is om hulle moeder lief te hê. Babas moet aan ons Hemelse Vader toegewy word in die Naam van Jesus, uit dankbaarheid vir hul geboorte. Hebreeuse kinders was aan die Here toegewy in die Tempel as

klein babatjies, en weer op twaalfjarige ouderdom, wanneer dit vir hulle moontlik was om hul eie besluite te neem aangaande hul voortgesette wandel met God. Dit is die ouers se verantwoordelikheid om die kinders, van 'n baie jong ouderdom af, God se Woord te leer. Die onderrig deur Sondagskool onderwysers is 'n toegif.

Kinders moet tereggewys word wanneer dit nodig is. Gekheid, dwaasheid en ongehoorsaamheid kom by die jeug voor, maar wanneer opstandigheid ongehinderd gelaat word by 'n kind, sal dit nie net homself vernietig nie, maar sal twis veroorsaak asook vernedering en skande oor die gesin bring. Kinders moet opgelei en geleer word in die weë van die Here, volgens Sy Woord. **Die definisie van OPLEI is: Om 'n karakter te vorm deur dissipline te beoefen en voorbereiding deur herhalings onderrig.**

Deut 6:6 En hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees;

Deut 6:7 en jy moet dit jou kinders inskerp en daarvoor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan.

Deut 11:18 Lê dan hierdie woorde van my weg in julle hart en in julle siel, en bind dit as 'n teken op julle hand en laat dit as 'n voorhoofsband tussen julle oë wees,

Deut 11:19 en leer dit aan julle kinders deur daarvoor te spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan;

Deut 32:46 sê hy vir hulle: Gee ag op al die woorde waarmee ek julle vandag waarsku, dat julle dit jul kinders beveel om al die woorde van hierdie wet sorgvuldig te hou.

Die god van Wellus !!!

“Eros” is die naam van die Griekse god van passie en wellus. Die woord 'eroties' word dan ook van sy naam afgelei. Hy

word verpersoonlik deur **alle soorte 'liefde' en wellus - hetroseksueel en homoseksueel**, ens - en was aanbid deur 'n vrugbaarheids kultus wat beide Eros en Aphrodite aanbid het.

Gedurende die klassieke Romeinse periode het **Eros ontwikkel in Kupido** en word **die vet klein 'engeltjie'** wat vandag nog so populêr is. Hy dra 'n boog waarmee **hy pyle na sy teikens** skiet. As **Kupido**, word hy dikwels beskou as **die god van 'ware liefde,'** maar hy is in werklikheid eintlik, **Eros, die god van passie en wellus.**

En soos ons kan sien, word **Eros** ongelukkig vandag reg deur die wêreld **met oorgawe aanbid.[die god van wellus .]**

God is genadig !!!!!

Ons dien 'n groot en genadige God. Indien u in enige van hierdie strikke van Satan getrap het en waarlik berou het, sal Hy u vergewe.

Joh 8:3 En die skrifgeleerdes en die Fariseërs het **'n vrou wat in egbreuk betrap was, na Hom gebring.**

Joh 8:4 En toe hulle haar tussen hulle in laat staan het, sê hulle vir Hom: Meester, **hierdie vrou is op 'n daad van egbreuk betrap;[egbreek en owerspel —'n 3de persoon in 'n huwelik.]**

Joh 8:5 en Moses het ons in die wet bevel gegee om sulke vroue te stenig; maar U, wat sê U?

Joh 8:6 En dit het hulle gesê om Hom te versoek, sodat hulle iets kon hê om Hom te beskuldig; maar Jesus het neergebuk en met die vinger op die grond geskrywe.

Joh 8:7 Maar toe hulle aanhou om Hom te vra, het Hy Hom opgerig en vir hulle gesê: **Laat dié een van julle wat sonder sonde is, die eerste 'n klip op haar gooi.**

Joh 8:8 En weer het Hy neergebuk en op die grond geskrywe.

Joh 8:9 En toe hulle dit hoor, het hulle, deur hul gewete bestraf, een vir een weggegaan, van die oudste af tot die laaste toe; en Jesus het alleen agtergebly, en die vrou wat daar tussen hulle in gestaan het.

Joh 8:10 En toe Jesus Hom oprig en niemand sien behalwe die vrou nie, sê Hy vir haar: **Vrou, waar is daardie beskuldigers van jou? Het niemand jou veroordeel nie?**

Joh 8:11 En sy antwoord: **Niemand nie, Here. En Jesus sê vir haar: Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en sondig nie meer nie.**

Daar is vergifnis, maar MOENIE WEER SONDIG NIE.

As jy nie meer die vrugte van sonde in jou lewe wil hê nie, bly uit die duiwel se **vrugteboord** ! **MOET NIE MEER SAAM BLY NIE, EN SORG DAT JY SKIELIK IN DIE HUWELIK BEVESTIG WORD VOLGENS DIE BYBEL. AMEN [MARARANTA= JESUS GAAN KOM]**

HAT Woordeboek—HUWELIK:

Wettige verbintenis tussen twee persone van teenoorgestelde geslag om lewenslank as man en vrou saam te leef.



Open 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na hom toe en saam met hom maaltyd hou, en hy met My.

DIE DEUR KAN SLEGS, VAN DIE BINNEKANT AF OOPGEMAAK WORD.



Jesus se uitnodiging !!!!!

1Joh 1:9 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. \ Psm 38:19(b) Ek is bekommerd oor my sondes !!!

Tussen die **hemel** en die **hel** is daar 'n **kloof**—die kloof van die **ewigheid**. Hierdie kloof is **onoorbrugbaar**. Tussen die hemel en die aarde is daar ook 'n kloof—**die kloof van tyd**. Hierdie kloof is egter **oorbrugbaar** deur die **bloed van Jesus Christus**. U sal eendag self voor God moet staan en rekenskap gee van u lewe. U sal nie kan sê dat u nie geweet het nie.

Joh 12:48 Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die **woord** wat Ek gespreek het, dit sal hom **oordeel** in die laaste dag. \Hand 17:30 onkunde oorgesien

Jes 1:18 Kom nou en laat ons die **saak uitmaak**, sê die **HERE**: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol.

Amos 4:12—**maak jou klaar om jou God te ontmoet,**

Saamgestel deur:

Past Willie Horne
Posbus 872
KLEINBRAK
6503

(044) 696-5891

Epos: konanja333@gmail.com
Webtuiste: www.ramshoring.co.za

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

Die Here seën U !!!



As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom**, het jy alles verloor.

